**Mens en dier – ooreenkoms of verskil? Omgeegroepe 30 Aug – 5 Sep 2015**

**1. Lief en leed –** Deel met mekaar die lief en leed van die afgelope paar weke asook wat jou Sondag met die eredienste getref het.

**2. Ingenooi in God se rus en tyd –** Ons leef elke oomblik in God se teenwoordigheid. Raak rustig en besef dat die Almagtige by jou is en dat jy/julle die voorreg het om met vrymoedigheid tot Hom te nader. Sê in stil gebed vir Hom dankie die voorreg om met Hom in 'n verhouding te mag staan.

**3. Luister na God se Woord -** Lees nou Prediker 3:18-22 eers in stilte deur. Maak beurte in die groep om dit afwisselend hardop deur te lees. Watter vers/gedagte tref jou die meeste? Wat sê hierdie gedeeltes oor die status, identiteit en lot van mens en dier?

**4. Luister na mekaar en die wêreld** – Deel met mekaar oor hoe verskillende mense diere en hulle ooreenkomste, band en verskille met mense beskou. Hoe sien julle dit?

**5. Luister nou weer na die Woord –** Lees nou Genesis 1:24-31 en Jona 4:1-4 en 9-11 ook. Wanneer jy die gedeelte in Prediker 3:18-22 lees, klink dit so half morbied en fatalisties. Dieselfde lot tref mens en dier. Beide leef net een keer. In Jona lees ons dat God omgee vir mens en dier. En in Genesis lees ons dat God die mens maak as sy verteenwoordiger, na sy beeld – en dat Hy die mens aanstel oor die dier en verantwoordelik hou vir sy versorging.

**6. Fokus op wat God doen –** Prediker plaas klem daarop dat asem (lewe) van God afkom. Alle lewe – die lewe van die mens en die die dier! Jona plaas die klem op God wat vir alles (mens en natuur/mens en dier) sorg. Genesis plaas die klem op die verhouding tussen God en mens, die identiteit en die bedoeling van die mens in die skepping. Die mens word gemaak na God se beeld – die dier nie. Die mens is God se verteenwoordiger. 'n Ander woord is rentmeester of voorman.

**7. Antwoord met ons lewe –** Wat onderskei mens en dier dan van mekaar? Beide ontvang die lewe uit God se hand. Beide eer die Here deur hulle bestaan, MAAR die mens het die voorreg om in 'n wederkerig verhouding met God te staan. Hy is na sy beeld gemaak en kan doelbewus in 'n vertikale verhouding met God tree. Die dier leef nie uit so 'n refleksiewe verhouding met God nie. Diere leef volgens instink, mense volgens keuse. 'n Mens sou ook die onderskeid liggaam, siel en gees kon gebruik. Party mense praat net van 'n liggaam en 'n siel en ander van liggaam, siel en gees. Dit is alles maniere om die komplekse samestelling van die mens mee te probeer verduidelik. Ek sien die liggaam as die mens se buitekant, die siel as die setel van emosies en verstand (binnekant) en die gees as die ruimte en soeke in die mens wat net God kan vul – die vertikale verhouding. 'n Dier het ook emosies en (in 'n wisselende mate) verstand, maar nie die verhoudingsmatige verband met God nie. Dit maak ons anders! En daarom lewe ons in verhouding en verantwoordelikheid teenoor God, deur ook die natuur (diereryk) te respekteer en op te pas – te versorg namens God! 'n Mens is ook bewus van die ewigheidsdimensie, hoewel die Prediker nog nie op daardie stadium dit so besef het nie. Die mens leef vir ewig! Ons Gees keer na God terug wanneer ons sterf en ons leef in ewige heerlikheid saam met die Here, terwyl diere sterf en weer stof word – soos ons liggame, sonder daardie ewigheidsdimensie.

**8. Bid nou saam -** Loof die Here dat Hy die Skepper van die hemel en die aarde is, ook van mens en dier. Dank Hom dat ons met Hom in 'n doelbewuste liefdesverhouding kan staan en vir die voorreg om rentmeesters te wees – ook in hoe ons diere (troeteldiere, wilde diere en mak diere) hanteer. Vra Hom om ons te help om hierdie heerlike verantwoordelikheid na te kom, om diere lief te hê en te respekteer in sy Naam!

**9. Administrasie -** Reël julle diensbeurte en die volgende byeenkoms.